

**I.M.S.**

Vol. 1, No. 44

**MUNISIPALITEIT**



**UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK  
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH**

**7 - OCT 1963**

**UNIVERSITY OF STELLENBOSCH  
MUNICIPAL LIBRARY**

## **STELLENBOSCH**

**23 Augustus 1963.**

### **IN AFSKEIDSTEMMING**

Na hierdie rubriek bly daar net nog een oor vir my om te skrywe. Die einde van my ampstermyn nader vinnig en daarmee die afskeid van heelwat wat baie vir my beteken het en waaraan ek nog dikwels sal terugdink.

Die Burgemeester sien die sake van die dorp in al sy vertakkinge, waaroer dan ook sy jaarverslag handel. Die verslag is beskikbaar vir almal wat belang stel en gereed is om die moeite te doen om dit na te gaan.

Waarin ek o.a. baie belang gestel het, was die stadsbeplanning en sy probleme en teenstellings, die aanpassing nie alleen by bestaande wette en regulasies wat deur die owerhede opgelê word nie — maar ook by die besef van die spesiale wet waarvolgens Stellenbosch moet leef as dit tot welslae gelei moet word. So het ek Stellenbosch probeer sien byna soos 'n mens of persoonlikheid — nooit heeltemal diezelfde as andere nie.

Ons sien vandag Stellenbosch as 'n dorp met ongeveer 25,000 inwoners met groot voorregte en met 'n belangrike rol om te speel wat groot verantwoordelikhede meebring. Almal se belangstelling is nodig.

Om aan te pas by die groei van die dorp as sulks en van die omliggende distrikte is geen geringe taak nie.

Ek het lank en intensief kaarte wat beskikbaar is, bestudeer. Dit toon Stellenbosch hoe dit was en is en moontlik sal wees, om my bewus te maak van natuurlike ontwikkelingsneigings en om te kan beoordeel in hoever dit aangemoedig kan word of in sekere rigtings gelei moet word.

Ongeveer 15 jaar gelede het Stellenbosch daartoe oorgegaan om 'n stadsbeplanningskema deur 'n stadsbeplanner te

laat optrek wat baie jare in die kantoor van die Stadsingenieur op Stellenbosch gewerk het.

Die daarstelling van 'n skema en die uitvoering daarvan is twee verskillende sake. Tensy daar onbeperkte middele beskikbaar is wat die owerheid in staat stel om eiendomme aan te koop en te verander of te konsolideer gaan die uitvoering geleidelik geskied. Ek het sterk onder die indruk daarvan gekom dat indien dit enigsins moontlik is aanvaar moet word dat die tyd aangebreek het om waar die geleentheid hom voordoen op die manier in te gryp. Dit is my oortuiging dat die enkeling nie skade behoort te ly nie as dinge geskied wat tot voordeel van die samelewning strek.

Op die oorspronklike stadsbeplanningsplan word gebuiksbeplatings aangetoon wat van tyd tot tyd tot 'n mate gewysig is. Dit is 'n gesonde gedagte om ook die ondernemingslus van die indiwidu en van beleggers in aanmerking te neem. Dit is een van die trekke wat Stellenbosch van die begin van sy bestaan af getoon het.

Graag sou ek altyd wil sien dat mense met verbeeldingskrag en ondernemingslus met bepaalde voorstelle voor die dag sal kom, veral as hulle, wanneer hulle sulke voorstelle maak toon dat hulle Stellenbosch verstaan en lief het.

Die oorspronklike stadsbeplanningskaart wys belangrike voorstelle wat paaie betref, soos bv. Adam Tasstraat in sy volle lengte aan die oostekant van die spoorweg-eiendom en ook alreeds die sluiting van Dorpstraat ten weste van die spoor en die vervanging daarvan, as 'n belangrike verkeersweg, deur daardie deel van Adam Tasstraat wat oor die brug oor die spoor lei. Dan is daar aangetoon dat Merrimanlaan wat destyds net van Birdstraat tot by Cluverweg geloop het deurgevoer word tot by Adam Tasstraat en ook van Cluverweg reg deur na Helshoogte verby die nuwe dorpsaanleg wat bekend staan as Uniepark.

Die voorstel dat ten suide van die bestaande pad na Somerset-Wes 'n belangrike aansluiting van Adam Tasstraat tot by die hoofpad na Somerset-Wes geskep moet word, is aanvaar en as gevolg hiervan het Blerschstraat 'n hoofpad geword.

Dat Maraisstraat verleng moet word tot by die Eersterivier is ook aanvaar net soos die gedagte dat dit moontlik eendag suidwaarts oor die Eersterivier verleng mag word. Waar moontlik en soos die geleentheid hom voordoen is met voltooiing van Noordwal aangegaan. Die pad langs die oostelike wal van die Plankenbrugrivier is in beginsel aanvaar

maar daar word nog aandag geskenk aan die finale beplanning daarvan.

Dit is gedurende die laaste jaar of twee dat doelbewus oorgegaan kon word na die verdere beplanning van hoofpaaie wat Stellenbosch vir baie jare sal kan dien om aan te sluit by die nasionale pad na die noorde, na Kaapstad en Somerset-Wes. So sal die bou van die tweede brug oor die spoor ten noorde van Du Toitville binnekort aangepak word en sal die belastingbetalers genader word met die voorstel om 'n skema goed te keur wat die voltooiing van Adam Tasstraat van Moltenostraat af tot by Birdstraat beoog asook om dit te laat aansluit by 'n nuwe 80 vt. wye Klapmutsweg.

As hierdie ontwikkelings gesien word in verbond met die geweldige padkonstruksieprogram in die gebiede van die Afdelingsrade van Stellenbosch en Kaapstad, kom ek tot die besef dat 'n nuwe Stellenbosch bessig is om te ontstaan. Soos belangstelling van beleggers in eiendomme op Stellenbosch aandui, sal ook die gesig van die dorp self vinnig verander. Ons sien ou geboue, partykeer met innige spyt van die toneel verdwyn en as dit onvermydelik is, moet getrag word om nuwe geboue sover moontlik by die karakter van Stellenbosch te laat inpas.

Stellenbosch was altyd trots daarop dat waardes van eiendomme nie slegs gehandhaaf is nie, maar gedurig toege-neem het. Ons beleef egter nou 'n tyd waar sekere geboue nie meer aan moderne vereistes voldoen nie of gevvaar loop om te verwaarloos. Daar is in party gevalle daarin geslaag om deur 'n nuwe gebruik die lewensduur van geboue waaraan ons geheg was, ten minste wat die uiterlike betref, te verleng. Ons staan egter ook voor die gevvaar dat wat die een baat die ander skade mag berokken, en ons soek na 'n oplossing wat nuwe waardes kan skep en tegelykertyd ou bestaande waardes sal beskerm. Ons bestee aandag aan probleme wat voor-waardes vir die stigting van dorpe of onderverdelings mag skep en wat moontlik nie in alle gevalle die uiteindelike op-lossing bied nie.

Daar heers op Stellenbosch nog steeds woningnood en die daarstelling van wonings sowel vir blankes asook vir kleurlinge, veral as gevolg van die toepassing van die Groepsgebiedewet, word in alle erns aangepak.

Ons ken almal die samestelling van ons samelewning en die vraagstukke wat dit skep. Ek wil egter op die stadium nie aan dinge roer waaroor menings mag bots nie, maar alleenlik die hoop uitspreek dat nie uit die oog gelaat word nie, dat dit nodig is dat die dorp in sy welvaart orals waar

moontlik aangesterk moet word sodat dit ten volle kan baat by die groot ontwikkelings wat hier plaasvind.

Aan hierdie gedagte, om 'n welgebalanseerde samelewing op te bou, sal ek ook in die toekoms my aandag bestee; dit belowe ek.

---

30th August, 1963.

## FAREWELL

After a long period of municipal service which includes two mayoral terms of office, the parting, the actual time of which is only a few days off, creates a desire to think hard and to come to grips with the reality of things. We all realise that all things come to an end but when it does come it has to be faced. In the case of Stellenbosch, unique in many ways, it has always been possible to be divided in approaches and views but at the same time to remain united in friendship and membership of a body which functions in the interest of the town and its people.

It is strange and with considerable feeling that one takes leave of loyal fellow councillors, some of whom like myself have decided not to accept renomination at this stage. These include the veteran councillor Mr. C. F. D. Smit, who with only a slight interruption has served the Council for 30 years. As all councillors do he became a dedicated man and a watchdog over the interests of the Municipality in the best sense. He has summed up what we feel when he said that the clock does not stop and that a day such as the meeting of the Council of the 27th August, 1963, must come.

I would also mention Councillor Dr. E. Theron who looks back on a distinguished career and has put her heart and soul into the well-being of Stellenbosch.

But although I mention these two in particular, I see them all before me as they sat around the table.

It was an experience to come to the point when the last item on the agenda was read and dealt with and to realise that the Council will soon be reconstituted. I appeal to the public of Stellenbosch to extend to the next Council the same courtesy, co-operation and approach that I have been privileged to enjoy. More than ever I realise that no Council has anything else at heart than to further the best interests of its town and that no Council would knowingly damage them.

I shall ever be grateful for all the kindness that I have experienced and the expressions of goodwill that have been extended to me and my wife on so many occasions during the last months.

I think also of the co-operation that has been extended to me from all members of the staff from the Town Clerk downwards, no matter what their rank or race was. All this I shall miss very much and I am confident that the new Council will be open to accept what undoubtedly will be extended to them.

To serve on a municipal council is one of the finest experiences that anybody can have that is interested in the solving of problems and a knowledge of human beings, their needs, their ways and anxieties. Where else could all the facets of a community be seen so clearly and Stellenbosch indeed has many facets because of its ties with the past and the problem of welding the old and the new into a unit.

It is also my fervent wish that all interests will strive for unity and that a real division into hostile factions will never be tolerated. Although the day is near when I shall mount the stairs to my office and the Council Chamber and the offices of the staff for the last time as a Councillor, I have been assured that all the doors will remain open and I give the assurance that as long as I live I shall preserve my contact with the Municipality. As in the past I shall strive, wherever I go, to spread the fair fame of Stellenbosch and to secure that goodwill without which the world would be very poor indeed.

Last but not least I pay tribute to the way the Deputy Mayor, Councillor W. C. Dempsey, has supported me at all times and to the Councillors' wives who so often came to the rescue and shared the responsibilities of the Mayoress when it came to proving that Stellenbosch remains a friendly and hospitable town.

S. W. J. LIEBENBERG.

---

13 September 1963.

Dwarsdeur die Kaapprovinsie was 4 September 1963 die dag vir die verkiesing van nuwe stadsrade en ook die belasting-betaler van Stellenbosch het geleenheid gehad om hulle stemme uit te bring. Dit was verblywend om te sien dat daar

van die kant van die kiesers groter belangstelling as gewoonlik geheers het.

Die nuwe Raad het reeds die verskillende Komitees aange-wys, sy ampsdraers vir die volgende jaar gekies en sy eerste vergadering gehou. Waar die eer my te beurt gevval het om as Burgemeester gekies te word, wil ek graag my mede-raadslede bedank vir die vertroue wat hulle op hierdie wyse in my gestel het. Saam sal ons nou aan die werk moet spring om Stellenbosch tot die beste van ons vermoë te dien en om die geluk en welsyn van al sy inwoners te probeer bevorder.

Ek wil ook graag vir prof. J. C. de Wet as Onder-burgemeester verwelkom. Ons twee het in die munisipale lewe reeds 'n lang pad saamgeloop en ek weet by voorbaat dat ek in hom 'n steunpilaar sal hê. Prof. De Wet is tans die raadslid wat die langste diens agter die rug het.

Die wind van verandering het nie net sterk gewaai oor die Stadsraad van Stellenbosch waar ons tans sewe nuwe raadslede het nie, maar dit blyk uit persberigte dat baie ander rade ook 'n hele gedaanteverandering ondergaan het. Van die 15 lede wat op die Uitvoerende Komitee van die Kaap-landse Munisipale Vereniging dien het vier hulle setels verloor, o.a. ook die Burgemeester van Port Elizabeth, mnr. Monty van der Vyver, wat die Onder-voorsitter van die Vereniging was.

Ek kan nie nalaat om met waardering melding te maak van die dienste van hulle wat nog op die vorige Raad gedien maar sedertdien uitgetree het nie. Stellenbosch is veel dank verskuldig teenoor prof. Erika Theron, mnre. Schalk Liebenberg, Stoffel Smit, Lammie de Jongh, Murray Booyesen, Theuns Pauw en prof. Frans Smuts vir die onbaatsugtige dienste wat hulle oor baie jare aan die dorp gelewer het. Eersgenoemde drie het met groot onderskeiding ook die amp van Burgemeester beklee, terwyl die ander here in beheer van belangrike komitees was. Die naam van oom Stoffel Smit verdien spesiale vermelding. Met geringe onderbrekings het hy sedert 1933 op die Stadsraad gedien en in daardie hoedanigheid het hy nie net die ongekende ontwikkeling van Stellenbosch gedurende die afgelope twee dekades gadegeslaan nie maar ook 'n belangrike aandeel in die beplanning van die talryke dienste wat deur daardie ontwikkeling genoodsaak is, gehad.

Daar wag belangrike werk op die nuwe Raad. Die implementering van die groepsgebiede sal dadelik aangepak moet word. Dit is in die eerste plek 'n behuisingsprobleem en die skemas wat deur die vorige Raad reeds beplan is wag nou

op uitvoering. Daar is ook 'n dringende behoefte aan behuising vir ons blankes in die middel en laer inkomstegroepe en hierdie saak sal ook dadelik aandag moet geniet.

Daar is ook die kwessie van die nuwe slagpale, die aanvulling van ons watervoorraad, talle verkeers- en stadsbeplanningsprobleme wat maar gedurig die aandag van die Raad vereis en baie ander aangeleenthede wat, in 'n snelontwikkelende dorp soos Stellenbosch, voortdurend op die voorgrond is.

Daar word gesê dat die nuwe Raad betreklik jonk en onervare is. Ek is egter vol vertroue dat ons spoedig as 'n span lekker sal saamwerk en daardie gehalte van diens aan ons dorp sal lewer waarop die inwoners met reg aanspraak kan maak.

W. C. DEMPSEY.

 PRO EC. 9/63-7056  
